|                    |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                               |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                | Bay, Oudtshoorn and Paarl.                                                                                                                                     |                                                                                                                                                                                                                                                                            |
| <b>Programme 4</b> |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                               |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                |                                                                                                                                                                |                                                                                                                                                                                                                                                                            |
| and                | Consumer Education                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                            | Do not have a direct impact on the unemployment rate, however work is done in providing consumer education in particular financial literacy to aid the skills and aptitudes of individuals to find employment more easily which will contribute to job creation.                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                               | Targeted programs for women, youth and persons across every region of the province                                                                             | Aid the skills and aptitudes of individuals to find employment more easily which will contribute to job creation.                                                                                                                                                          |
| <b>Programme 5</b> |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                               |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                |                                                                                                                                                                |                                                                                                                                                                                                                                                                            |
| and                | <p>The skills and enterprise development programmes in the Atlantis Special Economic Zone (ASEZ) are targeted at young persons in the community.</p> <p>Skills development work includes support to a Science, Technology, Engineering, Arts and Mathematics (STEAM) Programme being implemented in Atlantis schools - this is aimed at improving education outcomes for youth in fields that would feed directly into the greentech environment in the ASEZ. The ASEZ also offers apprentice training support to school leavers and implements an Installation, Repairs and Maintenance (IRM) programme in partnership with the National Business Initiative. The IRM at the school leaver level is to provide participants with the required technical training and prepare them for entering the world of work. The environment in the ASEZ. The Enterprise Development programme includes women-owned businesses and offers training that ranges from</p> | <p>The ASEZ also offers apprentice training support to school leavers and implements an Installation, Repairs and Maintenance (IRM) programme in partnership with the National Business Initiative. The IRM at the school leaver level is to provide participants with the required technical training and prepare them for entering the world of work.</p> <p>The IRM programme that is offered by the National Business Initiative also has a small contractor programme, which seeks to develop entrepreneurs' technical skills and capacity to access markets - with the condition that they take on young people to train and employ.</p> | <p>More than 60% of participants in this programme were women; a total of 221 persons benefited from training opportunities in the 2023/24 financial year.</p> | <p>It is expected that the ASEZ with skills and enterprise development programmes that will target young persons, and that - subject to availability, these Programme scaled up to increase the number of beneficiaries.</p> <p>11 businesses completed the programme.</p> |

of Economic Development and Tourism

| Name               | Interventions to address the high unemployment rate                                                      | Details of Intervention                                                                                                                                                                                   | Target Group (i.e., persons of colour, women, youth)                                                                                                                                                                                                            | Expected Outcomes of Intervention                                                                                                                                                           |
|--------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
|                    | assistance with relevant industry compliance, business coaching, as well as financial management skills. |                                                                                                                                                                                                           |                                                                                                                                                                                                                                                                 |                                                                                                                                                                                             |
| my                 | Just Energy Transition                                                                                   | The Western Cape Just Energy Transition Investment Plan is aimed at identifying key energy-related investment opportunities in the Western Cape to assist with the just transition and labour absorption. | Rural, Township, Women and Youth-owned businesses                                                                                                                                                                                                               | To unlock major climate finance investment in the energy and manufacturing sector as well as "just" focus enabled through investments in the skills pipeline Province across all Districts. |
| <b>Programme 7</b> |                                                                                                          |                                                                                                                                                                                                           |                                                                                                                                                                                                                                                                 |                                                                                                                                                                                             |
| and                | Work and Skills Programme                                                                                | This intervention provides youth with the opportunity to gain workplace exposure in order to make them more employable after the intervention. This result in youth being offered job opportunities.      | Since 2020-2023/24 Financial Year the following stats are relevant:<br>Total number of youth supported: 15 526<br>Total number of women supported: 10 309 (66%)<br>Total number of persons with colour supported:<br>African- 9356 (60%),<br>Colored-6011 (38%) | Youth will be offered job opportunities if they have acquired the necessary skills and technical skills, workplace experience and attitude to work for companies.                           |

# PARLEMENT VAN DIE WES-KAAPSE PROVINSIE

---

## VRAELYS 3 – 2024

### EERSTE SESSIE, SEWENDE PARLEMENT

## GESKREWE ANTWOORD

---

VRYDAG, 23 AUGUSTUS 2024

**17. Me N D Nkondlo vra dr I H Meyer, Minister van Landbou, Ekonomiese Ontwik-keling en Toerisme:**

- (1) Wat die (a)(i) ras- en (ii) demografiese ontleding is van die werkloosheidsyfer van die provinsie vir kwartaal 2 van 2024, (b) gedetailleerde ontleding vir elke munisi-paliteit volgens (i) ras, (ii) ouderdom en (iii) geslag is en (c)(i) ontleding van die werkloosheidskoers is volgens bedryf en sektor in die provinsie vir kwartaal 2 van 2024 en (ii) in watter sektore die hoogste vlak werksverliese voorkom;
- (2) (a) watter faktore bygedra het tot die onlangse styging in werkloosheid in die provinsie, veral in die landbousektor, (b) watter strategieë geïmplementeer word om die impak van die huidige werkloosheidskrisis te verklein en (c) watter spesifieke planne ingestel is om toekomstige toenames in werkloosheid in die provinsie te voorkom;
- (3) of daar geteikende ingrypings bestaan wat ontwikkel is om aandag te skenk aan die hoë werkloosheid onder swart en bruin individue in die provinsie, met spesifieke nadruk op vroue en die jeug; so ja, wat die besonderhede is van (a) hierdie ingrypings en (b) hul verwagte uitkomst?

**MINISTER VAN LANDBOU, EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME**

17.1(a) (i) Die onderstaande tabel toon werkloosheidsyfers volgens ras in die Wes-Kaap aan. Die inligting is gebaseer op StatsSA se kwartaallikse arbeidsmagdata vir die tweede kwartaal van 2024.

|                 | Swart   | Bruin   | Indiër/Asiër | Wit    | Totaal  |
|-----------------|---------|---------|--------------|--------|---------|
| <b>Werkloos</b> | 456 130 | 283 866 | 7 589        | 19 297 | 766 882 |

Bron: StatsSA QLFS, 2024Q2

(ii) Werkloosheidsyfers volgens demografie in die Wes-Kaap word in die onderstaande tabel aangetoon. Die syfers is gebaseer op StatsSA se kwartaallikse arbeidsmagdata vir die tweede kwartaal van 2024.

| Ouderdom en geslag | 15 – 19 |         |            | 20 - 24 |         |            | 25 - 29 |         |            | 30 - 34 |         |            | 35 - 39 |         |            | 40 - 44 |         |            |
|--------------------|---------|---------|------------|---------|---------|------------|---------|---------|------------|---------|---------|------------|---------|---------|------------|---------|---------|------------|
|                    | Manlik  | Vroulik | Totaal     | Manlik  | Vroulik | Totaal     | Manlik  | Vroulik | Totaal     | Manlik  | Vroulik | Totaal     | Manlik  | Vroulik | Totaal     | Manlik  | Vroulik | Totaal     |
| <b>Werkloos</b>    | 28      | 13      | <b>42</b>  | 78      | 70      | <b>148</b> | 58      | 80      | <b>138</b> | 58      | 57      | <b>115</b> | 46      | 79      | <b>126</b> | 39      | 36      | <b>76</b>  |
|                    | 440     | 838     | <b>277</b> | 655     | 309     | <b>964</b> | 604     | 272     | <b>876</b> | 225     | 215     | <b>440</b> | 759     | 899     | <b>659</b> | 455     | 763     | <b>218</b> |

| Ouderdom en geslag | 45 - 49 |         |               | 50 - 54 |         |               | 55 - 59 |         |               | 60 - 64 |         |              | 65+    |         |              |
|--------------------|---------|---------|---------------|---------|---------|---------------|---------|---------|---------------|---------|---------|--------------|--------|---------|--------------|
|                    | Manlik  | Vroulik | Totaal        | Manlik  | Vroulik | Totaal        | Manlik  | Vroulik | Totaal        | Manlik  | Vroulik | Totaal       | Manlik | Vroulik | Totaal       |
| <b>Werkloos</b>    | 27 968  | 32 326  | <b>60 294</b> | 24 394  | 13 536  | <b>37 930</b> | 8 990   | 6 128   | <b>15 118</b> | 2 331   | 725     | <b>3 056</b> | 808    | 1 244   | <b>2 052</b> |

Bron: StatsSA QLFS, 2024Q2

Nota: Daar kan op hierdie mikrovlak opgrondingsverskille tussen tabelle wees.

(b) Die jongste beskikbare data vir die werkloosheidsprofiel volgens ras, ouderdom en geslag op munisipale vlak vir 2023 verskyn in die onderstaande tabel. Hierdie data is gebaseer op modelle deur Standard & Poor (S&P). Die mees onlangse werkloosheidsprofieldata op munisipale vlak van Statistics South Africa is van die 2011-sensus, omdat die 2022-sensus arbeidsmarkdata nie vrygestel is nie weens kommer oor die betroubaarheid daarvan.

|                         | Ras   |     |       |       | Geslag |         | Totaal |
|-------------------------|-------|-----|-------|-------|--------|---------|--------|
|                         | Swart | Wit | Bruin | Asiër | Manlik | Vroulik |        |
| <b>Weskus</b>           |       |     |       |       |        |         |        |
| Matzikama               | 952   | 155 | 3,650 | 53    | 2,405  | 2,406   | 4,811  |
| Cederberg               | 868   | 90  | 1,596 | 19    | 1,411  | 1,162   | 2,573  |
| Bergrivier              | 713   | 128 | 1,440 | 12    | 1,139  | 1,154   | 2,293  |
| Saldanhabaai            | 6,201 | 449 | 7,137 | 113   | 7,505  | 6,395   | 13,900 |
| Swartland               | 2,291 | 222 | 3,516 | 49    | 3,090  | 2,987   | 6,077  |
| <b>Kaapse Wynland</b>   |       |     |       |       |        |         |        |
| Witzenberg              | 2,340 | 80  | 2,473 | 8     | 2,482  | 2,419   | 4,902  |
| Drakenstein             | 9,561 | 518 | 9,770 | 57    | 10,433 | 9,473   | 19,906 |
| Stellenbosch            | 6,315 | 319 | 4,046 | 76    | 5,684  | 5,072   | 10,756 |
| Breedevallei            | 5,144 | 177 | 5,382 | 79    | 5,825  | 4,956   | 10,781 |
| Langeberg               | 2,122 | 134 | 2,752 | 33    | 2,473  | 2,567   | 5,041  |
| <b>Overberg</b>         |       |     |       |       |        |         |        |
| Theewaterskloof         | 3,041 | 119 | 3,438 | 17    | 3,229  | 3,385   | 6,614  |
| Overstrand              | 6,487 | 465 | 2,343 | 43    | 5,054  | 4,283   | 9,337  |
| Kaap Agulhas            | 642   | 91  | 1,362 | 4     | 1,129  | 970     | 2,099  |
| Swellendam              | 558   | 104 | 1,147 | 12    | 829    | 992     | 1,821  |
| <b>Tuinroete (Eden)</b> |       |     |       |       |        |         |        |
| Kannaland               | 56    | 31  | 1,265 | 15    | 796    | 572     | 1,368  |
| Hessequa                | 558   | 164 | 2,257 | 19    | 1,412  | 1,587   | 2,999  |
| Mosselbaai              | 4,841 | 335 | 2,816 | 62    | 4,283  | 3,771   | 8,054  |
| George                  | 8,882 | 511 | 9,169 | 124   | 10,087 | 8,599   | 18,686 |
| Oudtshoorn              | 929   | 127 | 6,503 | 66    | 4,003  | 3,622   | 7,625  |
| Bitou                   | 6,494 | 198 | 2,155 | 68    | 4,707  | 4,208   | 8,915  |
| Knysna                  | 4,646 | 188 | 3,161 | 63    | 4,329  | 3,730   | 8,059  |

|                        | Ras     |        |         |       | Geslag  |         | Totaal  |
|------------------------|---------|--------|---------|-------|---------|---------|---------|
|                        | Swart   | Wit    | Bruin   | Asiër | Manlik  | Vroulik |         |
| <b>Weskus</b>          |         |        |         |       |         |         |         |
| <b>Sentraal-Karoo</b>  |         |        |         |       |         |         |         |
| Laingsburg             | 28      | 16     | 397     | 0     | 268     | 173     | 441     |
| Prins Albert           | 45      | 31     | 989     | 20    | 575     | 510     | 1,085   |
| Beaufort-Wes           | 619     | 47     | 2,465   | 19    | 1,870   | 1,280   | 3,150   |
|                        |         |        |         |       |         |         |         |
| <b>Kaapse Metropol</b> | 378,251 | 14,459 | 180,650 | 4,289 | 296,085 | 281,564 | 577,649 |

Bron: S&P, 2024

(c) (i) Sektorale werkloosheidsyfers is nie beskikbaar nie omdat dit nie standaardpraktyk is om 'n sektorale werkloosheidskoers te bereken nie. Sektorvlakdata is egter beskikbaar met betrekking tot indiensnemingsprofile aangesien industrieë verslag doen oor werkseleenthede geskep en werksverliese (dit is nie dieselfde datastel as die werkloosheidsprofile wat gekoppel is aan spesifieke statistiese definisies met betrekking tot die arbeidsmag van 'n land ens. en die vermoë om betaalde werk te kry nie).

(ii) Werksverliese volgens sektor in die Wes-Kaap word in die onderstaande tabel verskaf, gebaseer op Statistics South Africa se kwartaallikse arbeidsmagdata vir die tweede kwartaal van 2024.

| Sektor      | Indiensneming in die Wes-Kaap                  |                                            |                       |
|-------------|------------------------------------------------|--------------------------------------------|-----------------------|
|             | Kwrt-tot-kwrt verandering<br>(2024 K1-2024 K2) | Jr-tot-jr verandering<br>(2023 K2-2024 K2) | Aantal poste, 2024 K2 |
| Landbou     | -53 000                                        | -38 000                                    | 162 000               |
| Mynbou      | 4 000                                          | 5 000                                      | 10 000                |
| Nywerheid   | 5 000                                          | -31 000                                    | 314 000               |
| Nutsdienste | 0                                              | -8 000                                     | 10 000                |

| Sektor                               | Indiensneming in die Wes-Kaap                  |                                            |                       |
|--------------------------------------|------------------------------------------------|--------------------------------------------|-----------------------|
|                                      | Kwrt-tot-kwrt verandering<br>(2024 K1-2024 K2) | Jr-tot-jr verandering<br>(2023 K2-2024 K2) | Aantal poste, 2024 K2 |
| Boubedryf                            | -28 000                                        | -34 000                                    | 210 000               |
| Handel                               | -28 000                                        | -27 000                                    | 493 000               |
| Vervoer                              | -12 000                                        | -14 000                                    | 158 000               |
| Finansies en ander sakedienste       | 27 000                                         | 121 000                                    | 574 000               |
| Gemeenskaps- en maatskaplike dienste | 15 000                                         | -35 000                                    | 552 000               |
| Privaat huishoudings                 | 1 000                                          | 25 000                                     | 190 000               |

Bron: QLFS, 2024 Q2



71.2 (a) Faktore wat tot die toename in die aantal werkloos in kwartaal 2 van 2024 bygedra het, sluit in die feit dat die toerismesektor, wat normaalweg handel en gasvryheid aandryf, in sy winterseisoen is wat laer aankomste en aktiwiteit tot gevolg het. Soos wat die geval is met die landbousektor, weerspieël die getalle die seisoenaliteit van die sektor. Werksgetalle in kwartaal 1 en kwartaal 4 is tradisioneel hoër as in kwartaal 2 en kwartaal 3.

In die tweede kwartaal van 2024 het landbou-werksgeleenthede in die Wes-Kaap 'n beduidende afname van 25% (53 000 poste) in vergelyking met die vorige kwartaal gehad, en 'n 19% (38 000 poste) afname in vergelyking met die vorige jaar. Die afname is hoofsaaklik gedryf deur werksverliese in saaiboerdery, wat 'n afname van 34% beleef het. Daar was egter 'n mate van groei in veeboerdery, met 'n toename van sowat 5 579 werksgeleenthede, en gemengde boerdery-ondernemings (wat beide saai- en veeboerdery behels) met sowat 4 317 poste.

- Die afname in saaiboerdery werksgeleenthede kan toegeskryf word aan die kwesbaarheid vir uiterste omgewingstoestande soos vloede, wat plaasbedrywigheede negatief beïnvloed en lei tot werkverliese.
- Boonop is marktoegangsuitdagings weens kwessies by die hawens en uitvoerverbod in Namibië en Botswana van die uitdagings wat boerderybesluite wat met produksie verband hou, beïnvloed.
- Boerdery onder die huidige klimaats-, ekonomiese en politieke omgewing het al hoe meer uitdagend geword as gevolg van die hoë koste van toegang tot kapitaal en dalende winsmarges. Verder het die minimumloonrekening wat op die sektor opgelê is moontlik die aantal werksgeleenthede wat geskep is, beïnvloed

17.2 (b) Die Wes-Kaapse Groei vir Werksgeleenthede Strategie 2035 word deur die Wes-Kaapse regering geïmplementeer om ekonomiese uitdagings wat Suid-Afrika ervaar, insluitend stadige tempo van werkskepping, te versag. Werkskepping vereis ekonomiese groei, en deur die Groei vir Werksgeleenthede Strategie 2035, mik die Wes-Kaapse regering daarop om ekonomiese groei aan te dryf en 'n bemagtigende omgewing te verseker waarin mense en sakeondernemings ondersteun word om geleenthede te skep en te ontgin.

Die Wes Kaapse departement werk saam met die bedryfsbelanghebbendes om die landbousektor te monitor en toepaslike ingrypings te implementeer waar knelpunte in die waardekettings voorkom. Die gebruik van innoverende benaderings en tegnologieë om na landelike gebiede uit te reik, dienste te verbreed en doeltreffendheid te verbeter, word nagevolg. Verhoogde belegging in die sektor word bevorder, wat ondersteun word deur markintelligensie-insigte om hulpbronne te ontsluit en in lyn te bring met strategiese subsektore met potensiaal om meer werksgeleenthede te skep.

17.2 (c) Die Wes-Kaapse Groei vir Werksgeleenthede Strategie 2035 is daarop gemik om ekonomiese groei aan te dryf om werksgeleenthede op skaal te ondersteun en toekomstige toenames in werkloosheid in die Provinsie te verminder. Dit fokus op verskeie gebiede van die ekonomie wat noodsaaklik

is vir groei, soos belegging, uitvoere, energie, infrastruktuur, water, tegnologie en innovering. Daar word ook spesifiek gefokus op entrepreneurskap en vaardigheidsontwikkeling, wat gemarginaliseerde gemeenskappe sal bevoordeel.

Die Landbou en Landbou-verwerking Meesterplan (AAMP) en die Wes-Kaap Groei vir Werksgeleenthede Strategie (G4J) is belangrike rigtinggewende dokumente wat inklusief ontwikkel is om beide die openbare en private sektor se rol in die groei van die ekonomie te versterk. Die Wes-Kaapse Departement van Landbou is die middelpunt hiervan om die potensiaal van die landbousektor verder te ontsluit deur sy ministeriële prioriteite, naamlik landbou-ondersteuning, besigheidsondersteuning, voedselsekerheid en voeding, en marktoegang. Verder het die departement die kommoditeitsbenadering in die implementering van sy programme aanvaar, wat verwys na vennootskappe met verskeie kommoditeitsorganisasies en ander belanghebbendes binne die landbousektor. Die departement speel aktief 'n voorspraakrol en werk saam met ander departemente om ander uitdagings buite sy mandaat aan te spreek wat die landbousektor raak bv. marktoegang, landelike veiligheid, waterhulpbronne, hawens, energie, ens.

17.3 (a&b) In al sy programme en intervensies teiken die Wekaapse Departement van Landbou vroue en jeug. Die Wes-Kaapse Departement van Landbou se jeugprogramme fokus daarop om voorheen benadeelde werklose jeugdiges geleenthede te bied om toegang te verkry tot:

- a) Beurse vir verdere onderwys in landbourigtings vir voor- en nagraadse studie
- b) Beurse vir graad 10-12-leerders by landbouskole
- c) Internskappe (matrikulante, studente en gegradueerdes)

Alle jeugprogramme prioritiseer vroue en persone met gestremdhede. Hierdie programme word ondersteun deur werknemergesondheid- en welstandintervensies en vaardigheidsontwikkelingsprogramme.

Die 2023/24 finansiële jaar se uitgawes was soos volg:

- a) Beurse/skolier-beurse: 'n Teiken van 26 beurse/skolier-beurse is deur finansiële bystand ondersteun. Die begroting vir 2023/2024 was R1 272 500. Uitgawes aan beurse/skolier-beurse het R1 271 734 beloop. Die aantal vroulike begunstigdes is 16 en is 62% van die inname.
- b) Internskappe se teiken was 175, en die werklike prestasie is 213 internskappe vir die verslagtydperk vir matrikulante, studente en gegradueerde interns. Die uitgawes aan matrikulant-interns was R2 789 943 wat 48 interns se toelaes weerspieël. Die aantal vroue is 28 en is 58% van die inname.
- c) Die studente teiken was 15 en werklike prestasie was 15. Die begroting bestee was R900 540. Die aantal vroue is 3 en beloop 20% van die inname.
- d) Gegradueerde interns: Die teiken was 120 met 'n werklike prestasie van 152. Die begroting was R10 000 000 en die werklike bedrag bestee was R13 224 000. Die aantal vroue was 106 wat 69% van die inname is.

Die aantal huidige beurse wat vir nagraadse studie toegeken word sluit in 5 Honneursgraad, 3 Meestersgraad en een Ph.D.

Opsporing van begunstigdes:

- Die Jong Professionele Persone-program ('n program vir vorige benadeelde persone) wat vir meestersgrade in landbou studeer, het 20 studente bevoordeel van wie 17 die program voltooi het (syfers oor die afgelope paar jaar). Van die 17 studente is 5 in die Departement aangestel, terwyl die ander 12 in die sektor aangestel is.
- Die gegradueerde internskap is een van die suksesvolste programme waar interns in permanente poste aangestel word voordat hulle die internskapydperk voltooi. Die departement het gepoog om hierdie interns op te spoor en berig soos volg:
  - 44 werksaam in die sektor
  - 12 werksaam binne die departement en ander staatsdepartemente
  - 3 werk in die buiteland (VSA) op plase
  - 3 doen verdere studies in landbou.

Die uiteindelige doelwit van die gegradueerde internskap is gemik op die plasing van werklose gegradueerdes met landbouverwante kwalifikasies op relevante plase, ondernemings binne die landbouwaardeketting om relevante werksblootstelling, entrepreneuriese en besigheidsvaardighede te verwerf om hulle in staat te stel om hulle eie ondernemings te vestig en te bestuur.

Die Elsenburg Landbou-opleidingsinstituut (ELOI) bied formele en nie-formele onderwys en opleiding aan alle belangstellendes, via subprogramme: Hoër Onderwys en Opleiding (HOO) en Landbouvaardigheidsontwikkeling (LVO).

ELOI bied formele onderwys en opleiding aan deur die Baccalaureus-graad in Landbou en die Diploma in Landbou in die HOO-afdeling. Die subprogram: LVO bied beroepsgerigte onderwys en opleiding in die vorm van formele beroepskwalifikasies, wat 'n geleentheid aan 'n student bied om 'n beroepspesifieke kwalifikasie te bekom.

Die teikengroep en fokus van hierdie kwalifikasies is die jeug, vroue, histories benadeelde individue en landelike ontwikkeling. Verskeie bemarkingsinisiatiewe is in plek soos Ope Dae by die Kollege, Skoolbesoeke, Landboukoue, ens., met gefokusde teikengroepe.

Studente het die geleentheid om van LVO na HOO te artikuleer, sou hulle aan die minimum vereistes voldoen en tydens die keuring van aansoekers om aan ELOI te studeer, word billikheid oorweeg ten opsigte van histories benadeelde aansoekers, sonder om die akademiese standarde en minimum vereistes vir alle formele kwalifikasies te verlaag.

Verder, die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling (DALRRD) het 'n Internskapprogram vir Jeugvaardighede en Entrepreneurskapontwikkeling vir werklose gegradueerdes in die landbousektor ingestel. Hierdie inisiatief fokus spesifiek op die aktiewe deelname van die jeug in die sektor om sosio-ekonomiese transformasie te bevorder, veral gegewe die hoë werkloosheidsyfer, groeiende ongelykhede en armoede.

Die doel van die program is die plasing van 120 Landbou-gegradueerdes vir 'n tydperk van twee (2) jaar by eksterne gasheerwerkgewers op plase of landbou-entiteite om:

- Gee aan werklose landbougraduandi geleentheid om entrepreneuriese en besigheidsvaardighede op die werkplek te verwerf.
- Dra by tot verhoogde voedselproduksie deur die ontwikkeling van 'n poel bekwame jong produsente.
- Oorbrug die gaping tussen ouer wordende produsente, skep 'n poel van toekomstige boere/entrepreneurs onder jongmense en verminder werkloosheid.
- Voorsien 'n platform vir aktiewe deelname van jeug in die landbouwaardeketting.
- Skep 'n bemagtigende omgewing om die vestiging van ondernemings wat deur jeug besit en/of bestuur word, en jeugentrepreneurs te ondersteun deur deelnemers met potensieële entiteite te koppel wat die ontwikkeling van entrepreneurs ondersteun.
- Om in-die-werksplek opleiding te ondergaan in die gebiede van produksie, landbouverwerking, plaasbestuur, bestuur, besigheid en entrepreneurskap (waardeketting) onder die leiding van ervare mentors.

Ingevolge die raamwerk sal die Wes-Kaapse Departement van Landbou (WKDL) verantwoordelik wees vir die plasing, administrasie en implementering van die projek in die provinsie.

Die Raamwerk bepaal dat werklose gegradueerdes van landboukolleges en diegene met diplomas in landbou prioriteit moet geniet en 'n minimum van 80% van die totale inname per provinsie moet uitmaak.

- 'n Minimum van 50% tot 'n maksimum van 55% moet vroue wees.
- 'n Minimum van 80% moet jeug (18–35 jaar) wees.
- 'n Maksimum van 20% kan werklose gegradueerdes tussen die ouderdomme van 36–40 jaar wees.
- 'n Minimum van 3% moet persone wees wat met gestremdhede leef; en
- Aansoekers moet vir die eerste keer 'n internskap/ontwikkelingsprogram in die regering betree.

In terme van hierdie uitkomst het die WKDL tans 108 gegradueerdes in diens volgens die tabel hieronder:

| Totale<br>Gegradueerdes<br>Geplaas | Ontleding van begunstigdes |    |   |     |         |     |   |   | Aantal<br>Jeug | Aantal<br>Gestremdes |
|------------------------------------|----------------------------|----|---|-----|---------|-----|---|---|----------------|----------------------|
|                                    | Manlik                     |    |   |     | Vroulik |     |   |   |                |                      |
|                                    | A                          | C  | I | W   | A       | C   | I | W |                |                      |
| 108                                | 18                         | 12 | 0 | 1   | 70      | 7   | 0 | 0 | 98             | 0                    |
| %                                  | 17                         | 11 |   | 0,9 | 64      | 6,5 |   |   | 90,7           |                      |

Hierdie program het ten doel om werklose gegradueerdes met landbouverwante kwalifikasies op relevante plase of ondernemings binne die landbouwaardeketting te plaas om toepaslike entrepreneurs- en besigheidsvaardighede op die werkplek te verwerf om hulle in staat te stel om hul eie ondernemings te stig en te bestuur.

Die ekologiese infrastruktuurprojek het ten doel om ten minste 50% vroue in diens te neem en is gerig op beide swart- en bruin individue. Landelike Ontwikkelingsprojekte en werksinkels is om inligting en beskikbare geleenthede te verskaf, asook toegang tot staatsdienste vir landbouwerkershuishoudings en landelike gemeenskappe, veral aan vroue en jeug. Die navorsing wat deur Program Landbou Ekonomiese Dienste gedoen is, het aan die lig gebring dat die Voedsel, Drank en Tabak (FBT) segment, wat die grootste komponent van die landbouverwerking subsektor is, ongeveer 53% vroue en 41% jeugdige gedurende 2022 in diens geneem het. Daarom is die dienste van Program AES gerig op almal, maar fasilitering van koöperatiewe ontwikkeling en landbouverwerkingsondersteuning bevoordeel hoofsaaklik vroue en jeug. Laasgenoemde behels tegniese ondersteuning (produkontwikkeling en verbetering, advies en kapasiteitsbou). Gevolglik het die departement Agri-Processing On Wheels (APOW)-inisiatief geïmplementeer om na afgeleë gebiede en gemeenskappe uit te reik.

Uit die ekologiese infrastruktuur is 1 418 groen werkgeleenthede gedurende 2023 geskep. Om innoverende en veerkragtige landelike ekonomieë te hê, is 10 bewusmakings- en inligtingsessies met gemeenskap en relevante belanghebbendes in landelike gebiede gefasiliteer. Agri-verwerkingsintervensies is daarop gemik om die kapasiteit van agri-verwerking in die provinsie te verhoog. Gedurende 2023 is 40 besighede ondersteun met raadgewende en tegniese intervensies terwyl 168 deelnemers gehelp is met kapasiteitsbou in landbouverwerking.

| Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme |                                                  |                                                                                                                                                                                    |                                                                                                 |                                                                                                                                   |
|-------------------------------------|--------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Naam van subprogram                 | Ingrypings om die hoë werkloosheidsyfer te takel | Besonderhede van ingryping                                                                                                                                                         | Teikengroep (bv. bruin- en swartmense, vroue, jeug)                                             | Verwagte uitkomst van ingrypings                                                                                                  |
| <b>Program 2</b>                    |                                                  |                                                                                                                                                                                    |                                                                                                 |                                                                                                                                   |
| <b>Ondernemingsontwikkeling</b>     | KMMO-inspuitingsfonds                            | Die Fonds verskaf projek-/programbefondsing aan organisasies wat Klein-, Medium- en Mikro-ondernemings (KMMO's) in die Wes-Kaap ondersteun. Die befondsing verbeter en/of brei die | Landelike en township sakeondernemings, sakeondernemings wat deur vroue en die jeug besit word. | Die hoofdoelwit is om sakeondernemings te onderhou en te laat groei (bv. toename in omset). Sekondêre doelwit is om werk te skep. |

## Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme

| Naam van subprogram | Ingrypings om die hoë werkloosheidsyfer te takel            | Besonderhede van ingryping                                                                                                                                                                                                                                                                                          | Teikengroep (bv. bruin- en swartmense, vroue, jeug)                                             | Verwagte uitkomst van ingrypings                                                                                                                                                                                                                  |
|---------------------|-------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
|                     |                                                             | inisiatiewe uit wat deur hierdie organisasies geïmplementeer word. Die Fonds is 'n aanvraag- en vennootskapgedrewe samewerkingsmodel om die KMMO-ekosisteem te verbeter.                                                                                                                                            |                                                                                                 |                                                                                                                                                                                                                                                   |
|                     | Ontwikkelingsprogram vir verskaffers in die openbare sektor | Vennootskap met Wes-Kaapse regeringsdepartemente en ander ekosisteem-belanghebbendes om sakeondernemings in staat te stel om toegang tot ekonomiese geleenthede in die openbare sektor te verkry.                                                                                                                   | Landelike en township sakeondernemings, sakeondernemings wat deur vroue en die jeug besit word. | Die hoofdoelwit is om toegang tot inligting te verskaf en sakeondernemings te help om regulasies na te kom. Die sekondêre doelwit is om te verseker dat sakeondernemings wat aan die regulasies voldoen, toegang tot regeringsgeleenthede verkry. |
|                     | Uitreikingsveldtogte                                        | Vennootskap met ekosisteem-belanghebbendes om KMMO's regoor die Provinsie te voorsien van groter toegang tot inligting, kapasiteitsbou, besigheidsontwikkelingsondersteuning en toegang tot ekonomiese geleenthede in die openbare sektor. Die WKR-sentrums gaan gebruik word om die uitreikingsveldtogte te loods. | Landelike en township sakeondernemings, sakeondernemings wat deur vroue en die jeug besit word. | Die hoofdoelwit is om bewustheid van beskikbare besigheidsontwikkelingsondersteuning te verhoog en 'n sakeonderneming te begin. Die sekondêre doelwit is om aanvangsondernemings aan te moedig en werk te skep.                                   |

| Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme |                                                        |                                                                                                                                                                          |                                                                                                 |                                  |
|-------------------------------------|--------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------|
| Naam van subprogram                 | Ingrypings om die hoë werkloosheidsyfer te takel       | Besonderhede van ingryping                                                                                                                                               | Teikengroep (bv. bruin- en swartmense, vroue, jeug)                                             | Verwagte uitkomst van ingrypings |
| <b>Rompslompvermindering</b>        | Hulplyndiens vir besigheidsondersteuning               | Ondersteuning beskikbaar vir sakeondernemings wat verdragings en regulatoriese hindernisse ervaar in toegang tot staatsdienste, permitte, lisenasiering en toestemmings. | Sakeondernemings                                                                                | Oploskoers                       |
| <b>Program 3 en 6</b>               |                                                        |                                                                                                                                                                          |                                                                                                 |                                  |
| <b>Sektorontwikkeling</b>           | Program vir die Bevordering van Uitvoermededingendheid | Ondersteuning van sakeondernemings om vir uitvoere voor te berei en aan internasionale markvereistes te voldoen.                                                         | Landelike en township sakeondernemings, sakeondernemings wat deur vroue en die jeug besit word. | Toename in uitvoere              |
|                                     | Uitvoerhulpbrongids                                    | Dit is 'n aanlyn uitvoerkursus wat ontwerp is om sakeondernemings te bemagtig met die vaardighede en kennis wat nodig is om suksesvol internasionaal handel te dryf.     | Landelike en township sakeondernemings, sakeondernemings wat deur vroue en die jeug besit word. | Toename in uitvoere              |
|                                     | Dekarboniseringsprogram                                | Projek is daarop gemik om vervaardigingsmaatskappye te help om te dekarboniseer op 'n manier wat koolstofvoetspore kwantifiseer en verminder.                            | Landelike en township sakeondernemings, sakeondernemings wat deur vroue en die jeug besit word. | Toename in uitvoere              |

| Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme |                                                                           |                                                                                                                                               |                                                                                                 |                                                                                                     |
|-------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Naam van subprogram                 | Ingrypings om die hoë werkloosheidsyfer te takel                          | Besonderhede van ingryping                                                                                                                    | Teikengroep (bv. bruin- en swartmense, vroue, jeug)                                             | Verwagte uitkomst van ingrypings                                                                    |
|                                     | Distrik en Metropol<br>Uitvoerbekendstellingstoer                         | Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (DEOT) en vennote werk saam om bewustheid oor uitvoerprogramme en aansporings te verhoog. | Landelike en township sakeondernemings, sakeondernemings wat deur vroue en die jeug besit word. | Toename in uitvoere                                                                                 |
|                                     | Voer behoefte-assesserings uit met betrekking tot nuwe uitvoergeleenthede | Die behoefte-assessering gaan plaasvind met 30 maatskappye wat landbouverwerking en ander vervaardigingskommoditeite uitvoer.                 | Landelike en township sakeondernemings, sakeondernemings wat deur vroue en die jeug besit word. | Toename in uitvoere                                                                                 |
| <b>Toerisme</b>                     | Toerisme Groeifonds                                                       | Die fonds ondersteun onder meer sakeondernemings om hul toerisme-aanbiedings in gebiede met hoë groeipotensiaal te verbeter en uit te brei.   | Landelike en township sakeondernemings, sakeondernemings wat deur vroue en die jeug besit word. | Verbeterde of uitgebreide toerisme-aanbiedinge.                                                     |
|                                     | Opleiding van mariene lewergidse                                          | Geakkrediteerde opleiding van 20 mariene terrein-gidse in die Overberg en Tuinroete.                                                          | Landelike vroue en jeug begunstigdes                                                            | 20 geregistreerde spesialis marienegidse wat aktief leiding verskaf.                                |
|                                     | Kliëntediensopleiding                                                     | Geakkrediteerde opleiding van 100 voorste-linie gasvryheid- en toerisme- personeel in kliëntediens.                                           | Vroue en jeug van Mosselbaai, Plettenbergbaai, Oudtshoorn en die Paarl.                         | Verbeterde indiensneembaarheid van deelnemers in die toerisme-, gasvryheids- en kleinhandelsektore. |



| Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme                           |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                            |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                       |                                                                                                                                                           |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                 |
|---------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Naam van subprogram                                           | Ingrypings om die hoë werkloosheidsyfer te takel                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                           | Besonderhede van ingryping                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                            | Teikengroep (bv. bruin- en swartmense, vroue, jeug)                                                                                                       | Verwagte uitkomst van ingrypings                                                                                                                                                                                                                                                                                                |
| <b>Program 4</b>                                              |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                            |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                       |                                                                                                                                                           |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                 |
| <b>Besigheidsregulering en -bestuur</b>                       | Verbruikersopvoeding                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                       | Het nie 'n direkte impak op die werkloosheidskoers nie, maar werk word verrig om verbruikersopvoeding te verskaf, veral finansiële geletterdheid om die vaardighede en aanleg van individue te help verbeter om makliker werk te kry, wat sal bydra tot werkskepping.                                                                                                 | Geteikende programme vir vroue, jeug en persone regoor elke streek van die Provinsie.                                                                     | Ontwikkel die vaardighede en aanleg van individue om makliker werk te kry, wat sal bydra tot werkskepping.                                                                                                                                                                                                                      |
| <b>Program 5</b>                                              |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                            |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                       |                                                                                                                                                           |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                 |
| <b>Ekonomiese Beplanning, Infrastruktuur en Koördinerings</b> | Die vaardigheds- en ondernemingsontwikkelingsprogramme in die Atlantis- Spesiale Ekonomiese Sone (ASES) is gerig op jongmense in die gemeenskap. Vaardighedsontwikkelingswerk sluit ondersteuning in vir 'n Wetenskap, Tegnologie, Ingenieurswese, Kuns en Wiskunde (STEAM)-program wat in Atlantis-skole geïmplementeer word – dit is daarop gemik om onderwysuitkomst vir die jeug te verbeter in velde wat direk in die | Die ASES bied ook leerlingopleidingsondersteuning aan skoolverlaters en implementeer 'n installerings-, herstel- en instandhoudingsprogram (IHI) in vennootskap met die Nasionale Besigheidsinisiatief. Die IHI op skoolverlatersvlak is geloods om deelnemers van die nodige tegniese opleiding te voorsien en hulle voor te berei om die wêreld van werk te betree. | Meer as 60% van die deelnemers aan hierdie program was vroue; altesaam 221 persone het voordeel getrek uit opleidingsgeleenthede in die 2023/24-boekjaar. | Daar word verwag dat die ASES sal voortgaan met vaardigheds- en ondernemingsontwikkelingsprogramme wat jongmense sal teiken, en dat hierdie programme opgeskaal gaan word om die aantal begunstigdes te vermeerder indien die nodige fondse daarvoor beskikbaar is.<br><br>Hierdie program is deur 11 sakeondernemings voltooi. |

## Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme

| Naam van subprogram | Ingrypings om die hoë werkloosheidsyfer te takel                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                  | Besonderhede van ingryping                                                                                                                                                                                                                                                                                                        | Teikengroep (bv. bruin- en swartmense, vroue, jeug) | Verwagte uitkomst van ingrypings |
|---------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------|----------------------------------|
|                     | <p>groentegnologie-omgewing in die ASES sal invloei. Die ASES bied ook leerlingopleidingsondersteuning aan skoolverlaters en implementeer 'n installerings-, herstel- en instandhoudingsprogram (IHI) in vennootskap met die Nasionale Besigheidsinisiatief. Die IHI op skoolverlatersvlak is geloods om deelnemers van die nodige tegniese opleiding te voorsien en hulle voor te berei om die wêreld van werk te betree.</p> <p>Die Ondernemingsontwikkelingsprogram sluit ondernemings in wat deur vroue besit word en bied opleiding wat wissel van bystand ten opsigte van toepaslike voldoening aan industrie-regulasies, besigheidsafrigting, sowel as finansiële bestuursvaardighede.</p> | <p>Die IHI-program wat deur die Nasionale Besigheidsinisiatief aangebied word, het ook 'n klein kontrakteurprogram, wat daarop gemik is om entrepreneurs se tegniese vaardighede en kapasiteit te ontwikkel om toegang tot markte te verkry – met die voorwaarde dat hulle jongmense inneem om op te lei en in diens te neem.</p> |                                                     |                                  |

| Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme       |                                                  |                                                                                                                                                                                                                                                                                           |                                                                                                                                                                                                                         |                                                                                                                                                                                                                                                               |
|-------------------------------------------|--------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Naam van subprogram                       | Ingrypings om die hoë werkloosheidsyfer te takel | Besonderhede van ingryping                                                                                                                                                                                                                                                                | Teikengroep (bv. bruin- en swartmense, vroue, jeug)                                                                                                                                                                     | Verwagte uitkomst van ingrypings                                                                                                                                                                                                                              |
| <b>Groen Ekonomie</b>                     | Oorgang na regverdige energie                    | Die Wes-Kaapse Beleggingsplan vir Oorgang na Regverdige Energie ("Western Cape Just Energy Transition Investment Plan") is daarop gemik om sleutel-energieverwante beleggingsgeleenthede in die Wes-Kaap te identifiseer om te help met die regverdige oorgang en absorbering van arbeid. | Landelike en township sakeondernemings, sakeondernemings wat deur vroue en die jeug besit word.                                                                                                                         | Om klimaatfinansiering en -belegging op groot skaal in die energie- en groenvervaardigingsektor te ontsluit deur 'n fokus op "regverdigheid" wat moontlik gemaak word deur sleutelbeleggings in die vaardigheidspyplyn in al die distrikte van die Provinsie. |
| <b>Program 7</b>                          |                                                  |                                                                                                                                                                                                                                                                                           |                                                                                                                                                                                                                         |                                                                                                                                                                                                                                                               |
| <b>Vaardigheidsprogramme en -projekte</b> | Werk en vaardigheidsprogram                      | Hierdie ingryping bied aan die jeug die geleentheid om werkplekblootstelling te verkry om te verseker dat hulle ná die ingryping meer geskik is om in diens geneem te word. Dit het tot gevolg dat die jeug werkseleenthede gebied word.                                                  | Sedert die 2020-2023/24-boekjaar is die volgende statistiek van toepassing:<br>Totale aantal jeugdige ondersteun: 15 526<br>Totale aantal vroue ondersteun: 10 309 (66%)<br>Totale aantal nieblanke persone ondersteun: | Die jeug sal werkseleenthede gebied word, aangesien hulle die nodige interpersoonlike en tegniese vaardighede, werkplekervaring en gesindheid aangeleer het om 'n aanwinst vir maatskappye te wees.                                                           |

## Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme

| Naam van subprogram | Ingrypings om die hoë werkloosheidsyfer te takel | Besonderhede van ingryping | Teikengroep (bv. bruin- en swartmense, vroue, jeug) | Verwagte uitkomst van ingrypings |
|---------------------|--------------------------------------------------|----------------------------|-----------------------------------------------------|----------------------------------|
|                     |                                                  |                            | swartmense – 9356 (60%), bruinmense – 6011 (38%)    |                                  |